

**29 September**

**Skrifgedeelte: Kolossense 2:16-23**  
**Fokusgedeelte: Kolossense 2:16-19 (NAV)**

**Pasop dat hulle nie slegte getuienis ontvang as julle nie standvastig is nie**

Ons getuienis in die wêreld word deur dwaalleer skade berokken. Dit gebeur wanneer ons soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer (Ef. 4:14). Deur sy Gees en Woord bou God ons op en laat Hy ons groei in ons geloof, met die gevolg dat ons standvastig word.

In Kolosse was daar dwaalleraars wat aan die gelowiges voorgeskryf het dat hulle allerhande gebruike en wette nog moes onderhou. Dan het die dwaalleraars hulle ook besig gehou met die aanbidding van engele en het hulle voorgegee dat hulle allerhande visioene gesien het. Hulle het dus wettisisme en mistisisme beoefen en het die gelowiges daarvolgens geoordeel.

Wettisisme is die siening waarvolgens die nakom van 'n gebruik of 'n wet só belangrik geag word dat jou saligheid daarvan afhang. Jesus Christus se verlossing is dan alleen nie genoegsaam nie. Jy moet ook nog hierdie wette en gebruike nakom, sodat jou saak met God reg kan wees. Mistisisme kan beskryf word as 'n ervaring of gevoel waarin jy sekerheid van jou saligheid vind eerder as dat jy jou sekerheid vind in die offerwerk wat Jesus Christus reeds volbring het. Die mistisis sê: "Ek het gevoel, ek het ervaar en daarom is ek seker daarvan." "Alles werk so presies uit, dit dui in hierdie rigting, dit voel vir my so, daarom moet dit die Here se wil wees."

As ons ons laat meesleur deur wettisisme of deur mistisisme ontvang die wêreld 'n slegte getuienis. Hoe bly ons standvastig te midde van hierdie dwaalleer? In vers 18 lees ons dat die gebruike en wette maar net 'n skaduwee was van wat sou kom; die werklikheid is Christus. Christus het die seremoniële wette van die Ou Testament vervul. Die dwaalleraars het nie aan die Hoof, aan Christus, vasgehou nie (vs 19).

Hou dus vas aan die Hoof! Weet Wie Christus is, soos wat Hy Hom in sy Woord aan ons openbaar. Weet wie jy in en deur Hom is. So laat God jou groei in jou geloof, word jy standvastig en ontvang die wêreld nie 'n slegte getuienis nie.

*Sing: Skrifberyming 15-7:4, 5*

*Ds. ASA de Bruyn (Wilropark)*